

**8 April**

**Matteus 28:1-10, (Teks: 28:6)**

### ***Jesus is opgewek***

God die Here doen altyd wat Hy sê. Ons mense glo Hom nie altyd nie. Jesus het vir sy dissipels gesê dat Hy na Jerusalem toe moes gaan om gekruisig te word en dat Hy op die derde dag opgewek sal word. Dit is ook die engel se woorde aan die vroue: ".... Hy is uit die dood opgewek soos Hy gesê het."

Die vroue het dit nie geglo nie want hulle was by die graf om Jesus se liggaam te gaan balsem. Die dissipels het dit ook nie geglo nie want hulle het nie dadelik na Galilea toe gegaan om Jesus te sien nie, maar eers na die graf gaan kyk. Jesus het hulle egter genadiglik opgesoek en Tomas kon sê: "My Here en my God!"

Neem u waarlik die Here op sy Woord? Waarom is ons so arm aan Paasliedere? Hoogstens Sb 10:2.

Waarom juig ons so min oor sy opstanding?

Ons is bevoorreg om die blye boodskap in hierdie donker wêreld in te dra: Die Here het waarlik opgestaan, soos Hy gesê het. Dit is die lewewekkende Woord wat tot miljoene dooie harte moet spreek en oor die grafstene van hierdie wêreld moet spoel. Ja, God maak sondaars geestelik en liggaamlik lewendig deur Jesus Christus se oorwinning oor die dood.

En nou is daar nog een groot belofte van ons Here wat ons moet glo. Ja, ons moet Jesus op sy Woord neem. Hy het gesê: "Kyk, Ek kom gou!" Verwag Hom dan met groot verlange.

Sing: Skrifberyming 10:1,2

Ds. J. Venter (Brakpan)